

26 Januarie - BEEF

Skrifgedeelte: Jeremia 2:1-13

Fokusgedeelte: Jeremia 2:12

Die Here is volgens die profeet Jeremia baie verbaas omdat sy volk Hom, die lewende God, vergeet het. Dat sy volk Hom sowaar vergeet het, is vir die Here so onverstaanbaar en so skokkend dat Hy sê dat selfs die hemel daarvoor moet skrik en beef!

Die Here was nog altyd betroubaar en het sy volk nog altyd baie goed versorg. Nou het hulle Hom egter verlaat. Inderwaarheid het hulle twee sondes begaan. Om dan hulle dwaasheid te verduidelik, gebruik die Here 'n metafoer. Hy sê: In die eerste plek het sy volk Hom, die bron van lewende water, verlaat. En in die tweede plek het hulle vir hulleself waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.

Die domste ding wat enige mens kan doen, is om 'n standhoudende bron van lewe en oorvloed te verlaat en dan te probeer om, ver daarvandaan, op jou eie gebroke poginkies staat te maak. Ja, dit is so dom, maar tog doen ons dit so maklik. Ons plaas ons hoop en vertrou op ons geld of besittings. Ons dink dat status of posisie vir ons 'n toekoms sal verseker. Volgens die Here is dit egter alles vergelykbaar met selfgemaakte, gebarste waterbakke wat inderdaad nutteloos is! So dikwels sien 'n mens lidmate wie se lewensingesteldheid jou regtig laat skrik. Mense wat sê hulle is gelowiges, maar dan sien jy hoe hulle op hulle eie, selfgemaakte lewenspad loop. Mense wat op self-uitgekapte en boonop nog gebarste waterbakke vertrou. Selfs die hemel moet hieroor beef ...

Ons Here Jesus het mos baie duidelik gesê dat Hy die fontein van die lewe is en dat elkeen wat drink van die water wat Hy gee, in alle ewigheid nooit weer dors sal kry nie. Is Hy, die fontein van die lewe, u standhoudende bron?

Lewe u digby Hom? Daar is nog genadetyd – geleentheid om na die bron van lewende water terug te keer.

Sing: Psalm 84:3 (1936-beryming)

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)